



LAER VOLKSKOOL

GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF

Nommer 38

8 November 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

SKOOLFONDS

Let asseblief daarop dat alle uitstaande skoolfondsrekeninge sonder reëlings, reeds op 5 November 2019 oorhandig is. Baie dankie vir u wat reeds betaal het.

Die rekeninge is reeds na u ge-epos. Die wat per hand uitgaan, sal u Vrydag saam met u kind ontvang. Maak asseblief seker dat u dit wel ontvang.

SKOOLTYE GEDURENDE EKSAMEN

11 - 18 November, Graad 1 - 7, 08:00 - 12:00

19 November, Graad 7, 08:00 - 10:00

SAALBYEENKOMS

Die afsluiting in die saal sal Vrydag, 15 November om 08:00 plaasvind.

RAPPORTE

Rapporte kan op 4 Desember vanaf 9 tot 10 uur in die skoolsaal by die klasonderwyser afgehaal word deur die ouers. Indien die ouer dit nie self kan afhaal nie, moet 'n skriftelike toestemmingsbrief na die skool gestuur word wat 'n ander persoon magtig om die rapport te ontvang.

Indien u nie die rapport kan afhaal nie, moet u 'n volledig geadresseerde koevert met 'n seël na die klasonderwyser stuur. Die rapport sal dan na u ge-pos word. Rapporte wat nie afgehaal word of nie ge-pos word nie sal tot volgende jaar in die kluis gehou word.

FONDSINSAMELING: LIANI REYNOLDS EN IRENE MYNHARDT ('SAVE THE DATE')

Liani Reynolds is 'n nuwe musieksensasie wat Graaff-Reinet op 21 November besoek. Die konsert gaan plaasvind by Reinet Manor. Kaartjies is beskikbaar by Brenda. R120 per volwassene en R50 per laerskool kind.

Irene Mynhardt bring ook haar kunswerke en geskenke om by die geleentheid te verkoop. Hou die spasie dop vir meer inligting.

EPOS

Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is ivsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

FONDSINSAMELING - OPKNAPPING VAN SKOOL

Elke leerling het 'n lootjievorm ontvang. 'n Lootjie kos R10 en hoe meer lootjies jy koop hoe beter kans staan jy om 'n geraamde Cheetah rugbytrui van die 2019 Curriebeker Kampioene te wen. Die Curriebeker Kampioene (al 23 Cheetahs) het die trui persoonlik geteken. **Sluitingsdatum vir die fondsinsameling is 15 November 2019. Die gelukkige trekking sal op Maandag 18 November 2019 plaasvind.**

SPORT**TENNIS****JOCELYN MARAIS TOERNOOI**

Die 1ste vier seuns en dogters het die naweek van 31 Oktober tot 3 November aan bogenoemde toernooi deelgeneem. Hierdie naweek het net weer bewys al is ons 'n klein skool hoef ons glad nie vir groter skole terug te staan nie.

Die dogters het onder andere vir Willem Postma van Bloemfontein gewen en moes uitspeel vir die 5de en 6de plek. Hulle het gelykop teen Aliwal Noord gespeel en toe met potte verloor. Ons eindig dus 6de.

Die seuns het vir Laerskool Stellenbosch gewen, gelyk geëindig teen Eikestad B en moes uitspeel vir die 3de en 4de plek. Teen die tyd het die moeilike wedstryde hul tol geëis. Ons verloor teen Willem Postma en eindig dus 4de.

Dankie seuns en dogters vir 'n naweek van goeie tennis en dat julle deurentyd julle beste gegee het. Ons is trots op julle.

KRIEKET

LVS het die lood gewen en besluit om eerste te kolf.

Beste kolwer was Pieter van der Merwe met 5 lopies.

LVS – 37 almal uit

Niko Brummer het gekolf en die telling baie maklik ingehaal in die 3de boulbeurt sonder om 'n paaltjie te verloor.

LVS verloor met 10 paaltjies.

GEDAGTE VIR DIE WEEK**'N HONGER HART**

Brood alleen is nie genoeg,
rykdom maak jou nie
vir die hemel bevoeg ...

Na God sal jy hunker, jou siel sal dors bly
tot jy Hom vind en sy verlossing kry.

Psalm 143:6

ADVERTENSIES

KLAVIER TE KOOP

Vir verdere inligting kontak gerus

**Mev Joy Kingwill by 049 5550026 of
0832369342,**

eposadres: peter@kingwill.co.za

